basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2017

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n 16 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
BTW en Versoening	**Finansiële rekeningkunde** Begrippe BTW-berekeninge Bankversoening **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 2: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie en Probleemoplossing	**Bestuursrekeningkunde** Begrippe Voorraadwaardasie **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 3: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Maatskappy Finansiële State en Vertolking	**Finansiële rekeningkunde** Inkomstestaat Balansstaat en notas Vertolking van finansiële inligting

VRAAG 4: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantvloeistaat en Vertolking	**Finansiële rekeningkunde** Begrippe Kontantvloeistaat Vertolking van finansiële inligting **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 5: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Gelykbreek-berekeninge **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 6: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begrotings	**Bestuursrekeningkunde** Kontantbegroting en berekeninge **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 1: BTW EN VERSOENING (30 punte; 20 minute)

1.1 BEGRIPPE

GEVRA:

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.4 E.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Skoolgelde	A BTW deur die handelaar vir verkope van handelsware ontvang
1.1.2 Uitset-BTW	
1.1.3 BTW-handelaar	B 'n voorbeeld van 'n item wat vrygestel is van BTW
	C BTW is by die verkoopprys ingesluit
	D 'n onderneming met 'n jaarlikse omset van meer as R1 000 000

(3 x 1) (3)

1.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Thanda Handelaars is 'n BTW-geregistreerde onderneming. Alle items is onderhewig aan BTW teen 14%.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die BTW-bedrag, hetsy ontvangbaar van of betaalbaar aan die SAID op 31 Julie 2016. Dui aan of hierdie bedrag ontvangbaar of betaalbaar is. (9)

1.2.2 Die eienaar wil die BTW-bedrag op oninbare skuld van R840 na R4 200 verander. Gee EEN rede waarom jy nie met hom saamstem nie. (2)

INLIGTING:

Die volgende transaksies het betrekking op Thanda Handelaars vir die BTW-tydperk geëindig 31 Julie 2016:

A	Saldo deur SAID verskuldig op 1 Julie 2016	R16 800
B	Aankope van handelsvoorraad (BTW uitgesluit)	R825 000
C	Kontant- en kredietverkope (BTW ingesluit)	R1 539 000
D	BTW op korting ontvang van verskaffers	R1 120
E	BTW op oninbare skulde afgeskryf	R840

1.3 BANKVERSOENING

Die volgende inligting het betrekking op Sizwe Handelaars vir Julie 2016.

GEVRA:

1.3.1 Bereken die korrekte saldo van die Bankrekening in die Algemene Grootboek op 31 Julie 2016. Noem of hierdie saldo gunstig of ongunstig is. (8)

1.3.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2016 op. (6)

1.3.3 **Verwys na Inligting C.**
Verduidelik EEN interne beheermaatreël wat die onderneming behoort in te stel om te verseker dat dit nie in die toekoms weer gebeur nie. (2)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2016:

Gunstige saldo volgens Bankstaat	R42 555
Uitstaande deposito (gedateer 11 Junie 2016)	R37 800
Uitstaande tjeks:	
Nr. 186 (gedateer 22 Januarie 2016)	R450
Nr. 305 (gedateer 30 Augustus 2016)	R8 400

B. Die saldo in die Bankrekening is op 31 Julie 2016 voorlopig as 'n gunstige saldo van R16 785 bereken voordat die items in die lys hieronder in berekening gebring is.

C. Tjek nr. 186 verskyn nie op die Bankstaat vir Julie 2016 nie.

D. Die volgende items verskyn slegs op die Bankstaat vir Julie:

- Rente op 'n gunstige banksaldo verdien, R285
- Bankkoste, R950
- Ongeïdentifiseerde debietorder van R1 950. Die bank het onderneem om die fout op die Bankstaat vir Augustus 2016 reg te stel.

E. Tjek nr. 374 verskyn korrek op die Bankstaat as R8 450. Die Kontantjoernaal toon dit as R4 850.

F. Die uitstaande deposito van R37 800 verskyn nie op die Bankstaat vir Julie 2016 nie. 'n Ondersoek het getoon dat hierdie geld nooit gedeponeer is nie. Die kassier het verdwyn.

G. Die volgende inskrywings is slegs in die Kontantjoernale vir Julie 2016:

- 'n Deposito van R27 180 op 31 Julie 2016 gedoen
- Tjek nr. 401 (gedateer 18 Julie 2016), R18 600

H. Die saldo op die Bankstaat op 31 Julie 2016 is die ontbrekende syfer.

30

VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE EN PROBLEEMOPLOSSING

(40 punte; 25 minute)

2.1 BEGRIPPE

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die metode wat vir baie duur, individueel identifiseerbare items toepaslik is, is die ...-metode. (1)

2.1.2 Die metode wat aanvaar dat die ouer voorraad eerste verkoop word, is die ...-metode. (1)

2.1.3 Die metode wat die totale koste van goedere wat vir verkope beskikbaar is, deur die getal eenhede deel, is die ...-metode. (1)

2.2 AB SPORTWINKEL

André Brand is die eienaar van hierdie onderneming. Hierdie onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel.

2.2.1 Bereken die eenheidsprys van krieketkolwe op 1 Julie 2015. (2)

2.2.2 Bereken die waarde van die voorraad voorhande op 30 Junie 2016 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (10)

2.2.3 Bereken die bruto wins op 30 Junie 2016. (5)

2.2.4 Bereken hoe lank (in dae) dit na verwagting sal neem om die eindvoorraad van 465 krieketkolwe te verkoop. Gebruik die eindvoorraad in jou berekening. (4)

2.2.5 André is bekommerd oor die beheer van krieketkolwe.

- Verskaf 'n berekening om sy bekommernis te staaf. (5)
- Hoe kan André hierdie probleem oplos? Verduidelik EEN punt. (2)

INLIGTING:

A. VOORRAAD VAN KRIEKETKOLWE

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aanvangsvoorraad (1 Julie 2015)	350	**?**	R420 000
Eindvoorraad (30 Junie 2016)	465	**?**	**?**

B. AANKOPE, TERUGSENDINGS EN VRAGGELD

	EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	TOTAAL
Aankope	**3 150**		**R4 302 500**
September 2015	1 100	R1 250	R1 375 000
Januarie 2016	950	R1 350	R1 282 500
Maart 2016	650	R1 475	R958 750
Junie 2016	450	R1 525	R686 250
Terugsendings (van Junie-aankope)	20	**?**	**?**

Vraggeld op aankope:

- Totale vervoerkoste van voorraad gedurende die jaar aangekoop, is R110 400.
- Geen terugbetaling is vir vraggeld op terugsendings ontvang nie.

C. VERKOPE

Totale verkope van R5 400 000 bestaan uit 3 000 krieketkolwe verkoop teen R1 800 elk.

2.3 **PROBLEEMOPLOSSING**

Best Fone verkoop selfone van een handelsmerk. Die eienaar, Bennie Roos, het drie takke in verskillende winkelsentrums. Die tabel hieronder toon die jaarlikse syfers van die takke vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017, soos deur die boekhouer voorgehou.

GEVRA:

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke tak. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Gee in ELKE geval vir Bennie raad. (9)

INLIGTING VIR 2017	PARYS-TAK	PRETORIA-TAK	POFADDER-TAK
Getal selfone beskikbaar vir verkope	440	390	280
Getal bestellings ontvang	110	300	400
Getal selfone verkoop	110	300	280
Eindvoorraad	330	90	0
Verkoopprys per selfoon	R7 200	R6 000	R6 400
Winsopslag-persentasie	80%	50%	60%
Bedrag gedurende die jaar gedeponeer	R792 000	R1 680 000	R1 792 000

40

VRAAG 3: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE EN VERTOLKING

(75 punte; 45 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Gandhi Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2017.

GEVRA:

3.1 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op. Let daarop dat sommige inligting reeds in die ANTWOORDEBOEK ingesluit is. (33)

3.2 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

3.2.1 Gewone aandelekapitaal (10)

3.2.2 Behoue inkomste (10)

3.3 Voltooi die EKWITEIT EN LASTE-afdeling van die Balansstaat. Toon bewerkings tussen hakies. (16)

3.4 B Sly ('n aandeelhouer) het 400 000 gewone aandele op 1 Maart 2016 besit. Sy het 80 000 addisionele aandele op 31 Maart 2016 gekoop.

Sy het die HUB oortuig om 250 000 aandele op 28 Februarie 2017 van ander aandeelhouers terug te koop.

3.4.1 Bereken B Sly se persentasie aandelebelang in die maatskappy voor en na die terugkoop van aandele. (4)

3.4.2 Verduidelik waarom die ander aandeelhouers bekommerd sal wees oor hierdie transaksie. (2)

INLIGTING:

A. Die volgende saldo's/totale, onder andere, het op 28 Februarie 2017 in die boeke verskyn:

	R
Gewone aandelekapitaal	**?**
Behoue inkomste	**?**
Lening: Anca Bank	433 500
Handelsvoorraad (voor die jaarlikse voorraadopname)	231 700
Debiteurekontrole	540 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2016)	19 600
Krediteurekontrole	395 200
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belastingbetalings)	360 000
Huurinkomste	61 900
Rente-inkomste	**?**
Diverse uitgawes	**?**
Direkteursfooie	605 500
Ouditfooie	29 000
Gewone aandele-dividende (tussentyds)	420 000

B. Die **bruto wins** vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2017 is op R3 150 000 bereken. 'n Winsopslag van 60% op kosprys is bereik.

C. Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word:

- Die voorraadopname op 28 Februarie 2017 het handelsvoorraad van R207 500 voorhande getoon.
- Voorsiening vir oninbare skulde moet tot R21 600 verhoog word.
- Een derde ($^1/_3$) van die ouditfooi is nog op 28 Februarie 2017 verskuldig.
- Een van die drie direkteure se fooi vir Februarie 2017 is nog aan hom verskuldig. Al drie direkteure het dieselfde maandelikse fooi ontvang.
- 'n Onbenutte stoorkamer is vanaf 1 Junie 2016 verhuur. Die huur is op 1 Januarie 2017 met R2 700 per maand verhoog. Die huur vir Februarie 2017 is nog uitstaande.
- Diverse uitgawes is die balanseersyfer.

D. Lening: Anca Bank

Rente op die lening word gekapitaliseer, maar geen inskrywing is in die boeke gemaak nie. 'n Maandelikse paaiement van R5 200 (insluitend rente) word betaal. Dit is in berekening gebring. Die leningstaat toon 'n eindsaldo van R487 000. Die maatskappy beplan om hulle leningsterugbetalings te verhoog om 20% van die leningsaldo in die volgende finansiële jaar af te betaal.

E. Bedryfswins op verkope was 14,5%.

F. Inkomstebelasting teen 32% van die netto wins het R396 800 beloop.

G. Aandelekapitaal en dividende:

- Die maatskappy is met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele geregistreer.
- 85% van die gemagtigde aandele is reeds op 1 Maart 2016 uitgereik.
- Die direkteure het op 31 Maart 2016 al die onuitgereikte aandele uitgereik. EFO-betalings ten bedrae van R756 000 is ontvang.
- Die maatskappy het 250 000 aandele teruggekoop op 27 Februarie 2017 teen R4,15 per aandeel.
- 'n Tussentydse dividend is op 6 September 2016 betaal.
- 'n Finale dividend van 25 sent per aandeel is op 28 Februarie 2017 verklaar. Alle aandeelhouers (insluitend die teruggekoopte aandele) was geregtig op finale dividende. Dit moet nog in berekening gebring word.

75

VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (70 punte; 40 minute)

4.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

bedryfskapitaal; invloei van kontant; rente op lening; uitvloei van kontant; waardevermindering

4.1.1 'n Toename in handelsvoorraad is 'n aanduiding van 'n … (1)

4.1.2 Daar word na die verskil tussen bedryfsbates en bedryfslaste verwys as … (1)

4.1.3 … word as 'n niekontant-item beskou. (1)

4.1.4 'n Vermindering in debiteure sal 'n … aandui. (1)

4.2 BRAZILIA BPK.

Die volgende inligting het betrekking op Brazilia Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2016.

GEVRA:

4.2.1 Noem EEN doelwit van 'n Kontantvloeistaat. (2)

4.2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2016. Sommige bedrae is reeds vir jou ingevul. (27)

4.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2016. Rond jou berekening af tot EEN desimale punt of tot die naaste sent, waar van toepassing.

- Vuurproefverhouding (4)
- % opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAB) (4)
- Verdienste per aandeel (VPA) (3)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2016:

Waardevermindering	154 000
Rente op lening	336 000
Netto wins voor belasting	1 938 600
Inkomstebelasting	560 000
Netto wins na belasting	1 378 600

B. Syfers uit die Balansstaat op 31 Oktober geïdentifiseer:

	Gemiddeld	2016	2015
	R	R	R
Vaste bates teen drawaarde		10 041 000	8 878 000
Vaste deposito: Granite Bank		760 000	1 000 000
Niebedryfslas: Lening van Metal Bank	2 625 000	2 450 000	2 800 000
Bedryfsbates		1 186 600	1 191 200
Bedryfslaste		1 236 000	1 359 200
Gewone aandeelhouersbelang	7 605 800	8 301 600	6 910 000
Behoue inkomste		1 021 600	960 000
Gewone aandelekapitaal		7 280 000	5 950 000

C. Syfers geneem uit die notas tot die Balansstaat op 31 Oktober:

	2016	2015
	R	R
Aandeelhouers vir dividende	656 000	595 000
SAID (Inkomstebelasting)	Debiet 28 500	Krediet 41 750
Debiteurekontrole	527 000	816 200
Krediteurekontrole	580 000	374 000
Bank	Debiet 174 500	Krediet 348 450
Kleinkas	5 000	3 000
Handelsvoorraad	451 600	372 000

D. Aandelekapitaal

- Die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy is 5 000 000 aandele.
- 700 000 aandele is reeds op 31 Oktober 2015, die laaste dag van die vorige finansiële jaar, uitgereik.
- 120 000 nuwe aandele is op 1 November 2015, die begin van die huidige finansiële jaar, uitgereik.
- 20 000 aandele is op 31 Oktober 2016 teen R15,50 elk teruggekoop. Die gemiddelde uitreikprys van die aandele op die datum van terugkoop was R9,10 per aandeel. Hierdie aandele kwalifiseer vir finale dividende.

E. Dividende

Die direkteure het 'n tussentydse dividend van R533 000 op 28 Mei 2016 betaal.

F. Vaste bates

- Aanbouings is in die finansiële jaar teen 'n koste van R1 360 000 onderneem. Geen ander vaste bates is aangekoop nie.
- Toerusting is gedurende die finansiële jaar teen drawaarde verkoop.

4.3 GRAYSON BPK. EN JONI BPK.

Die finansiële aanwysers en ander inligting verskaf, verwys na TWEE verskillende maatskappye, Grayson Bpk. en Joni Bpk. Beide maatskappye is op die aandelebeurs gelys.

LET WEL: Wanneer jy die vrae hieronder beantwoord, haal die relevante finansiële aanwysers met werklike syfers (persentasies, verhoudings en/of bedrae) aan.

GEVRA:

4.3.1 Watter maatskappy hanteer NIE sy bedryfskapitaal effektief NIE? Verduidelik wat die grootste probleem ten opsigte van hul bedryfskapitaal is, deur TWEE finansiële aanwysers aan te haal. (7)

4.3.2 Die maatskappye het verskillende besluite oor die gebruik van lenings geneem. Lewer kommentaar op die risikograad en finansiële hefboomverhouding. Gee EEN finansiële aanwyser in ELKE geval vir ELKE maatskappy. (7)

4.3.3 Die dividendbeleid wat elke maatskappy gebruik, is vir die afgelope vier jaar gehandhaaf. Verduidelik die beleid wat deur ELKE maatskappy gebruik is. Verskaf syfers om jou verduideliking in ELKE geval te staaf. (6)

4.3.4 Behoort ELKE maatskappy tevrede te wees met hulle aandeleprys op die JSE? Verduidelik. Verskaf syfers. (6)

IINLIGTING:

Die volgende finansiële aanwysers/ander inligting is uit die rekords van Grayson Bpk. en Joni Bpk. op 31 Maart 2016, die finansiële jaareinde:

	GRAYSON BPK.	**JONI BPK.**
Bedryfsverhouding	1,65 : 1	4,40 : 1
Vuurproefverhouding	1,20 : 1	0,85 : 1
Voorraadhoudingstydperk	38 dae	184 dae
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (OOAB)	16,1%	8,9%
Skuld-eienaarsbelangverhouding	0,85 : 1	0,1 : 1
Opbrengs op gemiddelde totale kapitaal aangewend (OOTKA)	27%	4%
Verdienste per aandeel (VPA)	540 sent	730 sent
Dividende per aandeel (DPA)	528 sent	292 sent
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	1 200 sent	425 sent
Markprys per aandeel op die JSE	875 sent	763 sent
Rentekoers op lenings	14%	14%
Rentekoers op vaste deposito's	8%	8%
Persentasie dividenduitbetaling	98%	40%

70

LAAT HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 5: VERVAARDIGING (45 punte; 25 minute)

5.1 MOSES VERVAARDIGERS

Die volgende inligting het betrekking op Moses Vervaardigers, 'n klein onderneming wat fotorame vervaardig. Die finansiële jaar het op 30 April 2016 geëindig.

GEVRA:

5.1.1 Stel die Produksiekostestaat op vir die jaar geëindig 30 April 2016. (16)

5.1.2 Voltooi die verkorte Inkomstestaat om die netto wins vir die jaar geëindig 30 April 2016 te bereken. (8)

INLIGTING:

A.

Voorraadrekords	30 APRIL 2016	30 APRIL 2015
Grondstofvoorraad	R58 560	R37 600
Goedere-in-bewerkingsvoorraad	**?**	R142 000

- Aankope van grondstowwe vir die finansiële jaar beloop R555 000.
- Foutiewe materiaal ter waarde van R21 000 is na die verskaffers teruggestuur.

B. Die onderneming het 39 000 eenhede teen 'n kosprys van R45 elk vervaardig.

C. Die volgende inligting is op 30 April 2016 bereken.

	R
Direkte materiaalkoste	**?**
Direkte arbeidskoste	716 960
Fabrieksbokoste (Sien D hieronder.)	468 450
Verkoops- en verspreidingskoste (Sien D hieronder.)	609 850
Administrasiekoste (Sien D hieronder.)	443 950
Koste van produksie van klaarprodukte	**?**
Bruto wins	1 250 000

D. Die volgende items moet in berekening gebring word:

- Administrasiekoste sluit die jaarlikse versekeringspremie van R22 750 in, alhoewel 60% aan die fabriek toegeken moet word.
- Fabrieksbokoste sluit die volle bedrag vir huur betaal in, R36 300. Dit moes egter volgens vloerspasie toegeken word. Die spasies is: fabriek 400 vierkante meter, kantoor 120 vierkante meter, winkel 80 vierkante meter.

5.2 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEK-ONTLEDING

Bill Vervaardigers is 'n besigheid wat potloodsakkies maak. Bill is bekommerd oor sy produksiekoste.

GEVRA:

5.2.1 Verduidelik die verskil tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (2)

5.2.2 Bereken die gelykbreekpunt vir 2017. (5)

5.2.3 Lewer kommentaar op die gelykbreekpunt en die produksievlak vir 2016 en 2017. Verduidelik waarom die eienaar tevrede moet wees, of nie. (6)

5.2.4 Identifiseer die veranderlike koste wat die eienaar die meeste bekommernis behoort te verskaf. Verduidelik en verskaf 'n berekening om jou antwoord te staaf. (4)

5.2.5 Ten spyte van die feit dat daar 'n afname in die vaste koste per eenheid was, is die eienaar steeds nie met sy beheer oor die vaste koste tevrede nie. Verduidelik en verskaf berekening(e) om sy mening te staaf. (4)

INLIGTING:

	POTLOODSAKKIES EENHEIDSKOSTE	
	2017	**2016**
Veranderlike koste	**R11,60**	**R11,00**
Direkte materiaalkoste	6,03	5,80
Direkte arbeidskoste	4,05	3,50
Verkoops- en verspreidingskoste	1,52	1,70
Vaste koste	**R5,40**	**R5,50**
Fabrieksbokoste	3,50	3,65
Administrasiekoste	1,90	1,85
Verkoopprys per eenheid	R17,80	R16,50
	Eenhede	**Eenhede**
Eenhede vervaardig en verkoop	80 000	65 000
Gelykbreekeenhede	**?**	65 000

LET WEL: Neem die inflasiekoers van 8% in ag.

45

VRAAG 6: BEGROTINGS (40 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van die onvolledige Debiteure-invorderingskedule en Kontantbegroting van Zeppe Bazaar.

GEVRA:

6.1 Bereken die verwagte maandelikse persentasie goedere op krediet verkoop. (4)

6.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Maart 2017. (5)

6.3 Die eienaar wil die kontrole oor debiteure verbeter. Kredietperiode is 30 dae.

6.3.1 Verduidelik waarom die eienaar bekommerd is. Gee TWEE redes met stawende syfers. (4)

6.3.2 Stel EEN oplossing vir die probleem voor. (2)

6.4 Bereken die volgende:

6.4.1 **(a)** en **(b)** soos in die begroting getoon. Gebruik begrote syfers in jou berekeninge. (11)

6.4.2 Die persentasie verhoging in huur op 1 Maart 2017 (4)

6.4.3 Die bedrag rente op die belegging wat na verwagting in Maart 2017 ontvang sal word (4)

6.5 **Verwys na Inligting H.**
Identifiseer TWEE betalings wat jy meen in Februarie 2017 swak bestuur is. Gee in ELKE geval 'n voorstel om die interne kontrole van die items geïdentifiseer, te verbeter. (6)

INLIGTING:

A. Die Debiteure-invorderingskedule vir Februarie en Maart 2017

MAAND	KREDIETVERKOPE	FEBRUARIE	MAART
Desember 2016	74 000	16 280	
Januarie 2017	68 000	27 200	**?**
Februarie 2017	70 000	24 010	**?**
Maart 2017	64 000		**?**
Kontant van debiteure		67 490	**?**

B. Daar word verwag dat debiteure soos volg sal betaal:

- 35% betaal in die maand van verkope. Hulle ontvang 'n 2%-korting.
- 40% betaal in die maand wat op die maand van verkope volg.
- 22% betaal twee maande na die maand van verkope.
- 3% is oninbare skulde.

C. Alle goedere word teen 'n winsopslag van 25% op kosprys verkoop.

D. Voorraad verkoop word in die maand van verkope vervang ('n voorraadbasis word gehandhaaf).

E. Alle voorraad word op krediet aangekoop. Krediteure word in die maand wat op die maand van aankope volg, betaal om 5% korting vir vroeë betaling te ontvang.

F. Die onderneming het vier verkoopsassistente op dieselfde salarisskaal in diens. Hulle sal met ingang 1 Maart 2017 'n inflasiegebaseerde verhoging van 7,5% ontvang. 'n Addisionele verkoopsassistent sal op 1 Maart 2017 in diens geneem word, maar sy sal geen verhoging ontvang nie.

G. 'n Vaste deposito verval op 31 Maart 2017. Dit sal saam met rente teen 8% p.j. vir die laaste kwartaal van die termyn ontvang word.

H. UITTREKSEL UIT BEGROTING VIR FEBRUARIE 2017 EN MAART 2017

	FEBRUARIE		MAART
	BEGROOT	WERKLIK	BEGROOT
Ontvangste			
Kontantverkope	17 500	18 640	16 000
Kontant van debiteure	67 490	43 870	**?**
Huurinkomste	11 200	11 200	12 544
Vaste deposito (insluitend rente)	-	-	16 830
Betalings			
Betalings aan krediteure (vir voorraad)	68 000	68 000	**(a)**
Salarisse: kantoorpersoneel	19 000	19 000	20 900
Salarisse: verkoopsassistente	20 800	20 800	**(b)**
Munisipale dienste	10 600	10 600	11 000
Onttrekkings	3 000	5 500	3 000
Skryfbehoeftes	1 200	2 600	1 200
Leningspaaiement	5 000	5 000	5 000
Instandhouding van kantoortoerusting	3 800	1 500	3 800
Advertensies	2 400	1 000	2 400

I. DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE OP 28 FEBRUARIE 2017

Totaal verskuldig	30 dae	60 dae	90 dae	90+ dae
R110 400	R53 000	R32 000	R17 800	R7 600
	48%	29%	16%	7%

40

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou